# Psalm 146 – Prys Jahweh met blye galme

**VERSE 1 -4 / 8**

D G D A D A D
1. Prys Jahweh met blye galme, o my siel, daar's ryke stof!

G D A D A D
'k Sal, solank ek leef, my psalme vrolik toewy aan Sy lof

Bm G A D A D
en Hom, wat Sy guns my bied, altyd groot maak in my lied.

D G D A D A D
2. Moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind –

G D Em A D
op die mens jou hoop nie bou nie; as Jahweh hul gees ontbind,

Bm G A D A D
keer hul na die aarde weer en hul raadslag stort terneer.

D G D A D A D
3. Salig hy wat in die lewe, sonder hulp en sonder raad,

G D A D A D
as hom alles wil begewe, vlug tot God, sy toeverlaat;

Bm G A D A D
en ook in die swartste nag op Jahweh alleen bly wag.

D G D A D A D
4. Dis Jahweh wat aarde~en hemel, die getuies van Sy mag,

G D Em $A^7$ D
met die see en wat daar wemel, voortgebring het deur Sy krag;

Bm G A D A D
wat, onwrikbaar in Sy trou, altyd Sy beloftes hou.

## Psalm 146 : 5 – 8

D G D A D A D
5. Dis Jahweh wat aan die arme in sy druk laat reg geskied,

G D A D A D
wat uit liefderyke~erbarme hongeriges spyse bied;

Bm G A D A D
wat gevang'nes vryheid skenk en hul in hul smart gedenk.

D G D A D A D
6. Dis Jahweh se mededoë wat die blinde oog verlig;

G D Em $A^7$ D
wie in stof lê neergeboë, word deur Hom weer opgerig.

Bm G A D A D
Hy bemin dié wat opreg wandel in Sy Woord en weg.

D G D A D A D
7. Dis Jahweh wat vreemdelinge met 'n wakend' oog aanskou,

G D Em $A^7$ D
weduwees in twisgedinge, met hul wese, staande hou.

Bm G A D A D
Maar Sy arm, hul steun en hoop, stuit die bose in sy loop.

D G D A D A D
8. Dis Jahweh der leërmagte, troue Bondsgod van weleer,

G D A D A D
God van wordende geslagte, tot in ewigheid Jahweh.

Bm G A D A D
Sion, sing Jahweh ter eer, prys Sy grootheid, loof Jahweh!